higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE POLISIËRING
NKR VLAK 4

(8011024)

22 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 9 bladsye.

412Q1N2422

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOEGEPASTE POLISIËRING
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: As jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. Trek ’n streep deur alle werk deur wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A en B.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING C: VRAAG 5 **OF** VRAAG 8.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Kies die VERKEERDE stelling.

In die verkenningsfase moet daar veral op die volgende punte gelet word:

A Die probleem en sy spesifieke aspekte
B Die mense wat deur hierdie probleem geraak word
C Die data wat ontleed moet word
D Die manier waarop die probleem onder jou aandag gekom het

1.2 Watter EEN van die volgende is ’n voorbeeld van onversadigde vette?

A Vleis
B Avokado
C Room
D Kaas

1.3 Die volgende maak deel uit van die sekondêre misdaadvoorkomingbenadering:

A Hantering van statutêre misdaad-voorkoming
B Sielkundige misdaadvoorkoming
C Maatskaplike misdaadvoorkoming
D Hantering van middelmisbruik

1.4 Watter EEN van die volgende is NIE ’n fase in die navorsingsproses nie?

A Verkenning
B Beplanning
C Data-insameling
D Dataontleding

1.5 EEN van die volgende is ’n rolspeler in die Gemeenskapspolisiëringsforum en Gemeenskapspolisieraad:

A Verteenwoordigers van die Metropolisie
B Verteenwoordigers van die Militêre Polisie-afdeling
C Die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens
D Die burgemeester van die gemeenskap

Kopiereg voorbehou

1.6 Kies die faktor wat NIE 'n gebrek aan samewerking tussen polisiëringsagentskappe veroorsaak nie:

A Professionele jaloesie onder polisiëringsagentskappe
B Die bevoegdheidsvlakke van polisiëringsagentskappe
C Die jurisdiksie van polisiëringsagentskappe
D Swak verhoudings tussen agentskappe

1.7 Kies die korrekte antwoord wat *entomofobie* beskryf:

A Die vrees om 'n besering op te doen
B Die vrees vir buitelanders
C Die vrees vir die dood
D Die vrees vir kruipende insekte

1.8 Kies die antwoord wat NIE deel van ballistiek uitmaak nie:

A Die meganika van die vuurwapen
B Die greep van die vuurwapen
C Die konstruksie van die koeëls
D Die beweging van die vuurwapen wanneer dit gebruik word

1.9 Identifiseer die primêre bron wat die ware feite van 'n misdaad kan blootlê:

A Die getuienis wat ná die tyd met 'n visenteringslasbrief op 'n ander plek gevind is
B Die slagoffer wat by aankoms op die misdaadtoneel daar aangetref word
C Die bloedmonsters wat ná die tyd op die beweerde oortreder se klere aangetref word
D Die getuies wat ondervra word

1.10 Watter EEN van die volgende verslae is 'n operasionele verslag?

A Verslag wat verband hou met die statistiek van voertuie wat gebruik word
B Verslag wat verband hou met die aantal kundiges wat op misdaadtonele gebruik word
C Verslag wat verband hou met inhegtenisnemings wat op misdaadtonele gedoen word
D Verslag wat verband hou met die gevolge van misdaad in die gemeenskap

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Onpartydigheid in misdaadverslagdoening beteken dat al die feite en inligting in die verslag weerspieël word.

2.2 Knipsel ('Clip') B van die dossier bevat enige korrespondensie wat nie onder Knipsel A val nie.

2.3 Ontleding gedurende die misdaadvoorkomingsprobleem word dikwels beskryf as "bepaling van die omvang van die probleem" of "begrip van die faktore wat tot die probleem bydra".

2.4 Die lokvinkstelsel is 'n metode wat deur die polisie gebruik word om misdadigers weg te lok van moontlike gebiede waar misdaad gepleeg kon gewees het om misdaad te voorkom.

2.5 Odontologie is die studie van bene van die menslike liggaam.

2.6 In die drilbeweging *oop orde mars*, bly die agterste gelid staan terwyl die voorste en middelrye twee treë vorentoe gee.

2.7 In normale bisepskrul draai jy jou palms inwaarts, na jou liggaam toe.

2.8 Geleenthede en bedreigings in 'n SWOT-ontleding kan as interne faktore in 'n organisasie geklassifiseer word.

2.9 Die term *polisiëringsgemeenskappe* verwys na die verskillende gemeenskappe wat by polisiëringsfunksies betrokke is om misdaad te voorkom.

2.10 Reserviste is lede van die gemeenskap wat hul dienste aanbied om die polisie met hul dag-tot-dag-aktiwiteite by hul plaaslike polisiekantore by te staan.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Die manier waarop 'n situasie kan ontwikkel	A	universeel
3.2	Nie-bendelid wat nie as 'n mens deur die bende beskou word nie	B	uniek
3.3	Om op die verskille tussen dinge te let	C	batofobie
3.4	Van toepassing op alle sake	D	scenario
3.5	'n Vrees vir diep en hol plekke	E	vergelyking
		F	Frans
		G	traumatofobie
		H	feilbaar

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

munisipaliteit; misdaad; reservis; gemeenskap; delik; informante; misdaadondersoeker; werkuitdeler; speurder

Die plaaslike (4.1) ... raak betrokke by die ondersoekproses. Die (4.2) ... word by die 10111-oproepsentrum aangemeld en die (4.3) ... stuur alle rolspelers asook die (4.4) ... na die misdaadtoneel. Lede van die (4.5) ... gaan na die polisiekantoor om die saak aan te meld.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

Voltooi die volgende tabel oor kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing deur die antwoord (ontbrekende inligting) langs die vraagnommer (5.1–5.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

TIPE NAVORSING	KWANTITATIEWE NAVORSING		KWALITATIEWE NAVORSING	
Wat is dit?	5.1	(2)	5.2	(2)
Voorbeeld	5.3	(1)	5.4	(1)
Nuttig vir	5.5	(3)	5.6	(1)

[10]

VRAAG 6

6.1 Bespreek die aspekte wat in gedagte gehou moet word wanneer 'n polisiebeampte hul bevindings voorlê nadat hulle 'n misdaadvoorkomingsprobleem nagevors het. (8)

6.2 Onderskei tussen die DRIE misdaadvoorkomingsbenaderings. (6)

6.3 Onderskei, deur middel van voorbeelde, tussen die VIER tipes hulpbronne wat tot polisiëringsagentskappe se beskikking is. (8)

6.4 Verduidelik die term *kliniese ondersoeke.* (4)

6.5 Lys die rolspelers wat gewoonlik deel van die gemeenskapspolisieforums en die gemeenskapspolisierade uitmaak. (4)

[30]

TOTAAL AFDELING B 40

AFDELING C

LEES EN ONTLEED DIE ARTIKEL EN BEANTWOORD **EEN VAN DIE VOLGENDE TWEE VRAE:**

- **DIE HELE VRAAG 7**
  OF
- **DIE HELE VRAAG 8**

DIE KOMPLEKSITEITE VAN DAAGLIKSE POLISIËRING IN 'N HOËMISDAAD-GEBIED

SA Crime Quarterly No. 53 • SEPT 2015

Misdaadondersoek

Die take van die Speurdienssentrum ('DSC') sluit in om bewysstukke na te gaan; klaers te ondervra; misdaadtonele te bestuur; getuienis in te samel en op te teken; en saakdossiere by te werk. Dit is kommerwekkend dat die kommissie bevind het dat baie misdade nie behoorlik ondersoek word nie en, in sommige gevalle, glad nie ondersoek word nie. Dit is deels te wyte aan voortdurende personeeltekorte by die speurdiens in Khayelitsha. Gevolglik word elke ondersoekbeampte gedwing om 'n groot werkslas te hanteer. Soos Brigadier Dladla voor die kommissie getuig het: 'Julle weet, in die rolprente ... sien julle hoe 'n span op 'n misdaadtoneel toesak en 'n dossier hanteer, maar hier het julle 'n span dossiere wat op 'n speurder toesak.' Verder het die speurdiens versuim om gereeld terugvoering aan klaers, getuies en treurende gesinslede te gee.

Sigbare polisiëring

Lede van die VISPOL-afdeling dra uniform, en is dikwels in die frontlinie van interaksie tussen die polisie en die publiek. VISPOL-lede is verantwoordelik vir die bestuur van die Gemeenskapsdienssentrum (GDS), polisieaanhoudingselle; uitvoering van sektorpatrollering; hofsekuriteit; polisiëring van vuurwapens, drank en tweedehandse goedere; en uitvoering van misdaadvoorkomingsaktiwiteite. Die kommissie het bevind dat GDS'e die belangrikste plek van regstreekse betrokkenheid tussen polisie en die gemeenskap is, en dat hulle swak gemeenskapsbetrekkinge skep en uitbrei. Openbare toegang tot polisiedienste is belemmer deur die herhaalde versuim om telefoonoproepe te beantwoord. Daar was getuienis van herhaalde gevalle waar polisiebeamptes óf geweier het om saakdossiere vir klaers oop te maak óf opsetlik struikelblokke geskep het wanneer 'n saak aangemeld is. Gegewe dat misdaadstatistieke 'n weerspieëling van polisiewerkverrigting en betrekkinge tussen die polisie en die publiek is, is hier skynbaar 'n direkte aansporing om misdade wat by GDS-kantore aangemeld word, gebrekkig op te teken. 'n Faktor wat polisiewerk verder bemoeilik, is dat baie opgeleide VISPOL-lede baie van hul tyd aan klerklike take bestee, soos om dokumente vir lede van die publiek te sertifiseer. Oor die algemeen was daar klagtes dat beamptes onbeleefd en onhulpvaardig is. Wat sektorpolisiëring betref, word sektorprofiele swak saamgestel, en patrollies vind ongereeld plaas. SAPD-lede voer selde patrollies by informele woonbuurte in Khayelitsha uit. Dit is 'n weerspieëling, het die polisie aangevoer, van die ontoeganklikheid van hierdie gebiede, en 'n gebrek aan kennis oor die uitleg van gebiede. Sedert die ondersoek werk Misdaadintelligensie sektorprofiele by en betrek gemeenskapsgroepe en nieregeringsorganisasies (NRO's) om bygewerkte inligting te verskaf, en gebruik ook die kaart wat deur die groep Violence Prevention through Urban Upgrading (VPUU) voorsien is.

[Vertaal uit: *Laura Freeman and Claire McDonald* http://dx.doi.org/10.4314/sacq.v53i1.3*]

VRAAG 7

7.1 Bespreek of die dienste wat in hierdie scenario deur die polisielede by die Khayelitsha Polisiekantoor gelewer word, voldoen aan artikel 205(3) van die Grondwet, 1996. (10)

7.2 Verduidelik hoe die toesighouers van die speurdiens 'n kultuur van misdaadinligtingbestuur onder jong ondersoekbeamptes by die Khayelitsha Polisiekantoor kan kweek en leiding kan gee deur na die ondersoektegnieke te verwys wat 'n ondersoekbeampte onder toesig moet gebruik. (6)

7.3 Brei uit oor die eienskappe wat hierdie ondersoekbeamptes benodig om meer professioneel te wees. (4)

7.4 Verduidelik hoe die hindernis van hoë-lae-balke in die vaardigheids-en-vrees-fiksheidstoets kan bydra om patrollering in die informele woonbuurte van Khayelitsha te verbeter. (5)

7.5 Gee jou mening oor hoe driloefeninge die werksplekdissipline van lede van Khayelitsha se Polisiekantoor kan verbeter. (5)
[30]

OF

VRAAG 8

8.1 Dink na oor die hantering van voorvalle deur polisiebeamptes by die Khayelitsha Polisiekantoor aan die hand van die proses waarop aangemelde misdade ondersoek behoort te word.

NB: Jou bespreking moet inligting tot by die verwerking van die getuienis insluit. (10)

8.2 Evalueer die sigbare polisiëring-lede se optrede by die Khayelitsha Polisiekantoor aan die hand van nakomingsaktiwiteite wat VISPOL-lede gedurende 'n 12-uur-skof moet uitvoer. (8)

8.3 Evalueer die sigbare polisiëring-lede se optrede by die Khayelitsha Polisiekantoor ingevolge artikel 205(3) van die Grondwet, 1996. (5)

8.4 Verduidelik waarom die bevelvoerders van die VISPOL-afdeling 'n operasionele hersieningsparade sal hou. (2)

8.5 Bespreek die voordele van intervaloefening vir VISPOL-lede om hul polisiëringsfunksies te verbeter. (5)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou